OOSHOEK NUUSBRIEF

‘n Vreugdevolle groet aan al ons vennote!

Die afgelope twee weke was vol wonderlike gebeure in Ooshoek en by die Gemeenskapsentrum (BCC).

Verlede Sondag het ons saam nagmaal gevier en by die geleentheid was dit baie lekker om ook diakens van die NG Gemeente Hoopstad by ons te kon verwelkom. Na afloop van die erediens, het almal ‘n lekker maaltyd saam geniet. Ongeveer ‘n 100 mense is by die geleentheid van ‘n ete voorsien. Baie dankie aan die selgroep van NG Woodland Hills Gemeenskapskerk wat soos gewoonlik, gesorg het dat daar groente en appels vir almal beskikbaar was.

Op Donderdag 22 Februarie, het ons saam met ons **vennote vergadering** gehou, idees geruil en verbintenisse bevestig. Ons wil net weer beklemtoon dat niemand onder ‘n verpligting is om Ooshoek te help nie. Die Here self hou Sy werk in stand en daarom gee mense wanneer die Here hulle daarvan oortuig. Nogtans sorg die Here dat niemand in hierdie geloofsgemeenskap gebrek lei nie. Baie dankie aan almal wat ‘n bydrae lewer ten opsigte van kos, klere en finansies.

Na afloop van die vergadering het almal middagete by ‘n lidmaat se huis geniet.

By die Gemeenskapsentrum het ons besluit om vanaf 1 Maart vir ‘n paar sleutelrolspelers, wat in beheer is van projekte, ‘n honorarium van R400pm te gee. Hierdie bydrae maak ook weer die lewe in daardie gesinne bietjie makliker en skep nuwe motivering in die menswaardigheid en opheffing van mense.
Baie dankie aan die diakens van Hoopstad wat vir ons gehelp het met gordynrelings vir ons speelgroep se klassie. Ander **skenkings** wat ons ontvang en waarvoor ons baie dankbaar is:
Mieliemeel: NG Hoopsta, Milo-groep Welkom
Tweedehandse klere, materiaal: NG Fichardtpark
Breekgoed, weggooibare skeermesse: Milo-groep Welkom
Klere: NG Estoire
Behalwe die wat reeds in vorige nuusbriewe genoem is, het die volgende **maandelikse bydraes** tot die begroting vir die 2018/19 boekjaar bygekom:
NG Berg en dal - R1500
NG Hoopstad - R1000

NG Woodland Hills GK - R2000
NG Pellissier - R3000

Daar word nie vir **kospakkies** begroot nie. Ons kan net uitdeel wat ons as skenkings ontvang. As gevolg van die toename in armes wat ons eredienste bywoon, het die noodleniging groter eise begin stel. Ons sal dit waardeer indien belangstellendes kan help met enige van die items vir die kospakkies. Produkte wat gewoonlik in die kospakkies voorkom is, rys, spaghetti, macaroni, sout, suiker (1kg), koffie, tee, blikkie vis, blikkie *bully beef*, blikkie *baked beans*, blikkies groente, blikkie worsies, pakkies sop en soja. Ons sou ook produkte soos polonie en toiletware kon insluit. Hou ingedagte dat hierdie pakkies drie keer per maand uitgedeel word aan ongeveer 40 - 50 huishoudings. Die pakkies sluit weekliks ook mieliemeel in, maar nie noodwendig al die bogenoemde items nie.

Hou asseblief aan om ons elke Saterdagoggend te kom ondersteun by *Builders Warehouse* met ons kosstalletjie… **en dankie aan almal wat vir ons bid.**

Groete.
Ds Pikkie en Marelize Maritz
Bloemspruit Community Centre (manager)
Reformed Initiative for Community Development (CDO)
NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein, RSA
Sel: 082 554 6697

Happiness is homemade…